PERSVERKLARING – Media24 Nuus 2019 Legends-toekennings

Media24 Nuus se gesogte Legends-toekennings is Vrydag 2 Augustus in Kaapstad toegeken.

Die seremonie is by Nasdak in die Media24-sentrum gehou. Onder diegene wat dit bygewoon het was professor Rachel Jafta, voorsitter van die Media24-direksie en Ishmet Davidson, uitvoerende hoof van Media24 en Rika Swart, uitvoerende hoof van Media24 se gedrukte afdeling.

Clement Singh, hoofbestuurder van Media24 Nuus, het in sy verwelkomingstoespraak uitgewys hoe belangrik relevansie, geloofwaardigheid en akkuuraatheid is in verslaggewing. “Dit is daarom belangrik dat ons as die land se voorste media-onderneming ekonomiese onafhanklikheid behou om daardeur ons belangrikse beginsel, redaksionele onafhanklikheid, in stand te hou,” het Singh gesê.

Wenners is in drie hoofafdelings aangewys: redaksioneel, advertensie en dienste. Elke afdeling is deur ’n paneel beoordeel.

Mbavhi Maalakano was die sameroeper van die paneel in die advertensie-afdeling. Die dienste-afdeling is beoordeel deur ‘n paneel onder leiding van Beulah van Rensburg, hoof van menslike hulpbronne.

Die beoordeelaars in die redaksionele afdeling was Mathatha Tsedu (voormalige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Redakteursforum), Joe Thloloe (gewese Persombudsman van Suid-Afrika), Chris Whitfield (voormalige redakteur van die Cape Times en die Cape Argus), Roger Sedres (bekroonde Suid-Afrikaanse sportfotograaf), Esmaré Weideman (voormalige uitvoerende hoof van Media24), Ainsley Moos (gewese redakteur van Volksblad en Landbouweekblad), Johan Myburg (digter, joernalis, vryskutkunsskrywer en kunskritikus) en Henriëtte Loubser (redakteur van Netwerk24).

Johanna van Eeden, vryskutjoernalis en voormalige hoofredakteur van Media24 se Afrikaanse dagblaaie, was die sameroeper van die paneel. Van Eeden het gesê die inskrywings was vanjaar van ’n besondere hoë gehalte, met verskeie afdelings waarin daar

baie sterk meegeding is. “Dit was ook bemoedigend om talle nuwe name onder die finaliste te sien, wat ’n aanduiding is van ’n nuwe generasie verslaggewers wat hul merk in ’n hoogs mededingende bedryf maak.”

Die aand het twee hoogtepunte opgelewer: die aankondiging van die Legende in sy Leeftyd-toekenning en die aanwysing van die Joernalis van die Jaar.

Len Kalane, ’n voormalige redakteur van City Press, is met die Legende in sy Leeftyd-toekenning vereer. Kalane het sy joernalistiekloopbaan by The World en The Post begin. Albei koerante – onderskeidelik in 1977 en 1982 – is destyds deur die apartheidsregering verban. Hy was ook ’n stigterslid van Kaya FM, een van die eerste radiostasies in die land in private besit post-1994.

Charles Smith het weggestap met die toekenning vir Joernalis van die Jaar vir sy portefeulje van feature-artikels wat in Volksblad verskyn het. Hy is ’n meesterstorieverteller en is vrygewig met sy kennis. Hy mentor ’n nuwe generasie joernaliste en ondersteun en erken die waarde van spanwerk. Sy portefeulje het die beoordeelaars beïndruk en sy loopbaan inspireer sy kollegas.

Die name van die wenners en finaliste (redaksioneel) in elke afdeling, met kommentaar van die beoordeelaars, verskyn hieronder.

REDAKSIONELE WENNERS 2019

KUNSJOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis: Laetitia Pople – Die Burger
Wenner: Charl Blignaut – City Press

Die wenner het ‘n portefeulje ingedien wat ‘n spektrum van genres ingesluit het – rolprente, literatuur, musiek, ‘n nuusberig wat verband hou met die kunste en ‘n redaksionele meningstuk. Behalwe vir die spektrum van werk, is die portefeulje ook ‘n aanduiding van ‘n herevaluerende en rekonstruktiewe benadering tot kunsjoernalistiek. Dit beweeg weg van die formele resensies en eendimensionele onderhoude. Die fokus val op langer berigte wat mensgedrewe is en jou aandag hou. Dit is duidelik dat die skrywer ingelig en ervare is en toegewyd is tot hierdie spesifieke veld van beriggewing.

SAKEJOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis: Herman Scholtz – Rapport
Wenner: Nellie Brand-Jonker – Die Burger

Nellie se werk dui op ‘n sterk kennis van die onderwerp. Dit is goed nagevors, maar bowenal bied sy dit op ‘n toeganklike manier aan die leser. Haar uitstekende dekking sluit in ondersoekende elemente en dit is duidelik die resultaat van harde werk. Haar dekking strek van onderhoude tot ondersoeke en parlementêre dekking.

RUBRIEKSKRYWER VAN DIE JAAR

Finalis: Tinus van Staden – Beeld

Wenner: Kgomotso Sethusha – Daily Sun

Kgomotso het ‘n reeks rubrieke ingeskryf wat van ‘n hoë gehalte is en daarmee gewys dat ‘n vaardige en veelsydige rubriekskrywer nie net kwessies kan identifiseer wat die leser na aan die hart lê nie, maar ook ‘n vars perspektief op bekende sake kan bied. Argumente word helder en samehangend aangebied, wat die wenner kop en skouers bo ander inskrywings laat uitstaan het.

DEON DU PLESSIS TABLOID JOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis: Shantel Moses – Die Son

Wenner: Tracy-Lynn Ruiters – Die Son

Publikasies is slegs relevant wanneer dit die stories vertel van die gewone mense wat hulle dien. Tracy-Lynn het presies dit gedoen. Sy het deur ‘n ander lens as ander joernaliste gekyk toe sy die hofsaak van Sedick Adams, wat daarvan verdink word dat hy sy dwelmverslaafde seun vermoor het, moes dek. Ma Myrtle Adams het haar seun verloor en haar man word verhoor. Die joernalis het die familie se vertroue gewen en Myrtle het die spil gevorm waarom haar beriggewing gedraai het.

FEATURE JOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis: Cheréne Pienaar – Volksblad

WEnner: Charles Smith – Volksblad

Charles het ‘n uitstekende portefeule met features aangebied: sommige sag, ander hard maar almal onthoubaar. Hy het ‘n kragtige stel vaardighede wat insluit ‘n meedoënlose joernalistieke instink, egte empatie, goeie voorbereiding, ‘n wye algemene kennis en meesterstorievertelling. Neem byvoorbeeld sy inskrywing oor die konflik tussen die ANC en die EFF in Koffiefontein – een van die talle Vrystaatse dorpies wat geknak het onder korrupsie en swak dienslewering na Ace Magashule se rampspoedige tyd as premier. Dit kon baie maklik ‘n vuller op bladsy 5 gewees het, maar in sy vaardige hande word die storie een wat jou met die vuis in die maag slaan, ‘n juweel van ‘n artikel vol insig wat jou noop om verder te dink.

GRAFIESE KUNSTENAAR VAN DIE JAAR

Finalis: Ryan Carolisen – Kuier

Wenner: Jaco Grobbelaar – City Press

Die hoeveelheid inligting wat vervat word in die weninskrywing is ongelooflik. Dit kon baie maklik ‘n vervelige en morsige grafika gewees het. Wat die meeste tref, is die hoeveelheid beplanning wat gedoen is om ‘n relatiewe eenvoudige uitleg aan te bied. Jaco slaag daarin om ‘n eenvoudige visuele voorstelling te maak met drie basiese kleure wat ‘n

geskiedkundige gehalte aan die geheelbeeld gee. Die visuele eenvoud van die grafika dra by tot die gevoel van orde wat die leser help om die inligting te verwerk. ‘n Grafika wat goed aangebied is oor ‘n onderwerp wat goed nagevors is met uitstekende illustrasies.

OPSKRIF- EN PLAKKAATSKRYWER VAN DIE JAAR (AFRIKAANS)

Finalis: Eugene Yssel – Beeld
Wenner: Johnn-Grant Munro – Die Burger

Johnn-Grant was kreatief deur die kern van die artikel oor ‘n uitsonderlike storie op die platteland saam te vat. Die kombinasie van ‘n ou, bekende uitdrukking en ‘n vars, kreatiewe denkproses (in kombinasie met slim uitleg) het die wen-inskrywing opgelewer.

OPSKRIF- EN PLAKKAATSKRYWER VAN DIE JAAR (ENGELS)

Slegs wenner: Nahima Ahmed en Keith Henderson – Daily Sun

Die wenspan het weer eens bewys dat die skryf van plakkate een van die grootste kreatiewe uitdagings is. Indien dit reg gedoen word, is die voordeel vir lesers groot. ‘n Ongewone interessante nuusgebeurtenis het ‘n ongewone interessante plakkaat opgelewer. Dis die soort plakkaat wat jou bybly lank nadat jy dit gelees het en jou hopelik aanmoedig om die koerant te koop om te sien waaroor die storie gaan – wat alles natuurlik die elemente is van ‘n treffer straatplakkaat.

ONDERSOEKENDE JOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis: Elvira Wood – Beeld
Wenner: Ntombizodwa Makhoba – City Press

Die wenner se portefeulje is ‘n reeks berigte oor die selfverklaarde profeet Bushiri. Die joernalis loop terug op Bushiri spore tot in sy vaderland, Malawi, en word in hegtenis geneem en moet ‘n aand in polisie-aanhouding deurbring voor sy teruggestuur word na Suid-Afrika. Dit beskryf hoe Bushiri sy goedgelowige gemeente uitbuit, sy inhegtenisneming weens bedrog, en sy sewejarige dogtertjie wat in die dorpie bly waar Bushiri grootgeword het as ‘n skaam kind wat altyd agter sy ma geloop het. Die berigte het woede onder Bushiri se volgelinge ontketen en die joernalis het dreigemente gekry, maar sy het vasgebyt ondanks die gevare. Ntombizodwa se werk lig jou in, is deeglik en gebalanseerd.

UITLEG SUBREDAKTEUR VAN DIE JAAR

Finalis: Gabriel Seeber – City Press
Wenner: Vernon Janse van Rensburg – Beeld

In ‘n mededingende afdeling waar die standard baie hoog was en daar selfs moontlik twee wenners kon wees, het vanjaar se wenner net genoeg gedoen om impak te skep sonder om dit te oordoen óf te onderspeel. Vernon se uitleg vang die oog weens die slim oplossings, selfs wanneer daar nie veel fotomateriaal vir hom is om mee te werk nie. Die eindproduk is voorblaaie wat lesers sal laat stilstaan en die koerant sal laat verkoop. Hoofberigte word ook

toeganklik gemaak deur die vaardige kombinasie van foto's met elemente soos aanhalings en feitekassies, menings en ontledings. Selfs 'n laeresolusiefoto van 'n stootskraper word goed aangewend wanneer 'n hoëresolusie arend oor die stootskraper "vlieg" om die kern van die storie oor te dra.

LEEFSTYLJOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis: Phumlani Sithebe – Ciy Press

Wenner: Carla Lewis – Beeld

Carla het 'n indrukwekkende woordeskat en algemene kennis wat meebring dat sy materiaal kan interpreteer en die leser in die storie intrek deur die verbinding van onverwagte raakpunte. Deur al die sintuie te aktiveer plaas sy die leser op die toneel – nie net deur beelde nie maar ook deur te skryf wat sy ruik en proe. Die beskrywende manier van skryf word gekombineer met harde feite en uitstekende navorsing van die onderwerp. Sy neem jou op 'n kopreis waarin jy na 'n ervaring uit verskillende hoeke kyk en sy bind daardie ervaring tot 'n samehangende en vloeiende geheel. Die kersie op die koek is die insluiting van feitekassies met praktiese raad of waardevolle aanvullende inligting.

PLAASLIKE JOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis: Elmarine Anthony – Eikestadnuus

Wenner: Trish Goosen – Weslander

'n Hoogs mededingende afdeling met uitsonderlike inskrywings van regoor die land. Die wenner se portefeulje bewys hoe sy haar lesersgemeenskap deur plaaslike nuus dien. Sy het aan al die vereistes voldoen: vermaak; deur 'n plaaslike hoek te gee vir 'n nasionale kwessie; nuus oor die streek se ekonomiie en 'n interessante reeks oor onopgeloste moorde in haar gemeenskap.

MANDY ROSSOUW POLITIEKE JOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis: Marietjie Gericke – Volksblad

Wenner: Setumo Stone – City Press

Die wenportefeulje, wat ontledings, kommentaar en verbeeldingryke verkiesingsberigte insluit, staan kop en skouers uit bo die res. Setumo het 'n indrukwekkende kontaklys en toegang tot die binnekring om die storie agter die storie te kry. Hy bied aan lesers skaars beelde van politieke akteurs soos die adjunkpresident, David Mabuza, en die EFF-leier, Julius Malema. Hy help die leser om te verstaan hoekom Mabuza belangrik is vir president Cyril Ramaphosa. Mabuza was die een wat agter die skerms die stemme by die ANC se 2017-konferensie by Nasrec laat swaai het. Malema word vasgevang in 'n geslote vergadering waar hy hard neerkom op – volgens hom – onverantwoordelike optrede deur sy volgelinge.

In 'n rubriek *Who will protect you when the ANC comes for the land?* vertel die joernalis van sy familie se stryd toe 'n grondgryper die plek waar hulle al vir dekades bly beset het. Die besetter het die steun van politici en regeringsamptenare in Noordwes. Die rubriek skets 'n bestaande prentjie, maar dit voorspel ook wat kan gebeur indien die Grondwet gewysig

word om voorsiening te maak vir grondonteiening sonder vergoeding. Dis inderdaad ‘n ontstellende beeld.

FOTOGRAAF VAN DIE JAAR

Finalis: Jaco Marais – Die Burger

Wenner: Felix Dlangamandla – Beeld

Inskrywings in dié afdeling was uitstaande. Die wenner het vyf foto’s aangebied, onder meer ‘n slim uitgedinkte beeld van die militêre begrafnisstoet van Winnie Mandela wat in gietende reën van bo af geneem is.

PROFIELSKRYWER VAN DIE JAAR

Finalis: Hanlie Retief – Rapport

Wenner: Willemien Brümmer – Die Burger

Om ‘n goeie profiel te skryf het jy ‘n fyn oog vir detail nodig en die vermoë om jou onderwerp lewendig te maak deur woorde. Willemien doen presies dit. Sy doen deeglike navorsing van haar onderwerpe en die resultaat is dwingende insigte in die mense en die kwessies wat sy hanteer. Sy is ewe gemaklik om onderhoude met magtige sakemanne én die slagoffers van verskriklike misdaad te doen.

SCOOP VAN DIE JAAR: AFRIKAANS

Finalis: Maygene de Wee – Die Burger

Wenner: Johan Eybers – Rapport

Johan het sy netwerk van uitstekende kontakte gebruik en ook goeie ou joernalistieke voetwerk gedoen om ‘n reeks eksklusiewe stories oor die Stella-moorde aan te bied wat lesers verstom gelaat het.

SCOOP VAN DIE JAAR: ENGELS

Finalis: Setumo Stone – City Press

Wenner: Abram Mashego and Setumo Stone – City Press

2018/19 was ‘n verkiesingsjaar wat gekenmerk is deur die retoriek van opponerende partye, maar ook deur probleme binne die ANC. Dit het ‘n uitwerking gehad op staatsinstellings waar amptenare wat dieselfde regering dien sake in die openbaar uitgespook het. Niks illustreer dit beter as die weninskrywing nie, waar die minister van staatsveiligheid, wat in beheer staan van spioene, hof toe wil gaan om die Openbare Beskermer sover te kry om ‘n vermeende ongeklassifiseerde dokument in haar besit terug te gee. Die berig het op ‘n manier die belangrikheid van die OB in die faksiegevegte bekendgestel en ons sien dit nou uitspeel in haar stryd teen ‘n ander minister en die president. Die scoop het vir ons ‘n blik gegee op die toekoms.

SPORTJOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis: Lehlohonolo 'Mazola' Molefe – Soccer Laduma
Wenner: Marizanne Kok – Beeld

Inskrywings was van 'n baie hoë gehalte en dit was moeilik om 'n wenner te identifiseer. Marizanne het egter uitstekende berigte in haar portefeulje gehad en haar unieke perspektief daarop het vir ontsaglike lekker leesstof gesorg.

ADVERTENSIEWENNERS 2019

VERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR: GEKLASSIFISEERDE VERKOPE, PORTEFEULJE VAN MINDER AS R2 MILJOEN

WENNER: Jaydene Sampson – Boland Media

Jaydene het die gekombineerde doelwit met 8% oortref en haar portefeulje jaar op jaar met 2% gegroei. Haar bestuurder sê sy behandel kliënte en kollegas met respek en is 'n plesier om mee saam te werk.

VERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR: GEKLASSIFISEERDE VERKOPE, PORTEFEULJE VAN MEER AS R2 MILJOEN

WENNER: Michelle van Schalkwyk – Die Burger

Michelle kry nie net die werk gedoen nie, sy doen dit met trots en 'n fyn oog vir detail. Sy het in die vorige finansiële boekjaar haar doelwit elf uit die twaalf maande behaal en die doelwit met 17% of R2,4 miljoen oortref en jaar op jaar-groei van 24% behaal.

VERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR: DIREKTE VERKOPE, PORTEFEULJE MINDER AS R4 MILJOEN

WENNER: Belinda Smit – Die Burger

Belinda is al lank by dié publikasie, maar sy kom heeltyd vorendag met nuwe idees om inkomste te groei. Sy het begroting met 35% oortref en jaar op jaar groei van 16% behaal – wat nogal gedoen wil wees in die krimpende mark van dagblaaie.

VERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR: DIREKTE VERKOPE, PORTEFEULJE MINDER AS R4 MILJOEN

WENNER: Deon van Dyk – Beeld

Deon het sy advertensiebegroting oortref met 38%, of R900 000, met jaar op jaar-groei van 13% en nuwe besigheid van amper R1 million. Hy het ook daarin geslaag om R1,8 miljoen in te bring deur spesiale projekte.

VERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR: PLAASLIKE KOERANTE, PORTEFEULJE MINDER AS R2 MILJOEN

WENNER: Anna-Marie Kleinhans – PE Express

Anna-Marie is verbind tot hoë vlakke van kliëntetevredenheid en om kliënte te behou. Sy het begroting oortref met 14% en jaar op jaar-groei van 35% behaal. Haar vermoë om begrotings te klop spruit ook uit kreatiewe maniere om nuwe besigheid te identifiseer.

VERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR: PLAASLIKE KOERANTE, PORTEFEULJE MEER AS R2 MILJOEN

WINNER: Odette Bennett – Mooivaal Media

Odette se bestuurder sê sy is selfgedrewe, 'n spanspeler wat almal om haar motiveer en die status quo uitdaag. In die vorige finansiële jaar het sy daarin geslaag om haar begroting met 15% te oortref en jaar op jaar-inkomste met 49% gegroei.

NASIONALE VERKOOPSPERSOON VAN DIE JAAR

WENNER: Ancilla Donaldson – Ads24

Ancilla oortref haar doelwit jaar na jaar. Sy is verantwoordelik vir die derde grootste nasionale kleinhandelportefeulje in Ads24 wat 115 tot die totale inkomste bydra. In die afgelope jaar het sy haar gedrukte media-portefeulje met 13% gegroei en haar begroting van R46 miljoen met R6 miljoen oortref.

DIREKTE ADVERTENSIEBESTUURDER VAN DIE JAAR: PLAASLIKE KOERANTE

WENNER: Natasha Ingram – Kalahari Bulletin

Natasha het haar advertensiebegroting met 8% of R220 000 oortref en jaar op jaar-groei van 2% bewerkstellig. Dit is 'n uitstaande prestasie in 'n krimpende mark. Sy is gefokus op kliënte en die frase "haal nie doelwit nie" is eenvoudig nie deel van haar woordeskat nie.

DIREKTE ADVERTENSIEBESTUURDER VAN DIE JAAR: NASIONALE TOEKENNING

WENNER: Tanya van Niekerk – Beeld

Tanya oortref haar begroting met 12% of R5,9 miljoen, met 'n jaar op jaar-afname van 6% in 'n hoogs mededingende omgewing. Sy het nuwe besigheid van meer s R6,7 miljoen ingebring, wat 12% is van die verkope wat behaal is. Dit was 'n hoogs mededingende toekenning met die wenner wat die naaswenner met net 1,1% se jaar op jaar-afname geklop het.

NASIONALE VERKOOPSBESTUURDER VAN DIE JAAR

WENNER: Mark Herman – Ads24

Mark staan aan die stuur van 'n portefeulje van meer as R224 miljoen. Hy het – teen die algemene neiging in – jaar op jaar-groei van 1,3% behaal en sy begroting met R12,8 miljoen of amper 6% oortref. Net minder as R4,5 miljoen van sy inkomste kom uit digitale strome en hy het sy digitale begroting met 75% oorstref. Dit is in pas met Media24 se digitale groeistrategie.

SIRKULASIETOEKENNING

WENNER: Paul Müller – Volksblad

Paul het die verkoopsvolumebegroting vir Maandae tot Vrydae se uitgawes met 4% geklop en die Saterdag-uitgawe s'n met 5,7%. Dit het gelei tot 'n sirkulasie-inkomste van R22,2 miljoen, teenoor 'n begroting van R21,6 miljoen.

DIENSTOEKENNINGSWENNERS 2019

MENSEBESTUUR TOEKENNING

WENNERS: Fanie Bothma, Nabeelah Holt, Lucinda Saayman, Tamzyn Barker, Ashley Fourie en Ilse McCarthy

Sake verander teen 'n vinnige pas by Media24. Die span het deurlopende verandering hanteer sonder om te kla, verandering aangegryp as 'n geleentheid om te leer, ontwikkel en te innoveer binne die MH-funksie. Voor April 2017 het Nuus en Leefstyl afsonderlik gewerk en die twee spanne het twee MH-adminspanne gehad met 'n totaal van tien mense. Na herstrukturering en sentralisering van funksies is die MH-admins tot vier verminder. Prosesse moes belyn word om dieselfde hoë standaarde te verseker. Dit het meer verantwoordelikheid, meer werk en meer kontroles meegebring … en die span het uitgeblink. Toe verander sake weer. In Oktober verlede jaar het die Digitale MH-span met dié span saamgesmelt. Dié keer was die belynings moeiliker, want prosesse aan die digitale kant van die besigheid was baie verskillend en beperkte kontrole was in plek. Die span het weer die geleentheid met ope arms gegryp en die uitkoms was ongelooflik positief. Hulle het die onlangse interne oudit geslaag en maak heeltyd voorstelle om prosesse te verbeter en meer doeltreffend te wees.

MEDIA24 NUUS WAARDETOEKENNING

WINNER: Tasmia Ishmail – Die Burger

Om die frekwensie van 'n ikoniese nuushandelsmerk se gedrukte uitgawe van ses dae 'n week na weekliks te verander was dalk een van die ingrypendste stappe in die lang en trotse geskiedenis van Die Burger-Oos. Maar die span wat hiervoor verantwoordelik was, het die verandering met die uiterste sorg hanteer en met onwrikbare fokus op lesers en adverteerders.

Hulle het deurlopend op verskillende platforms gekommunikeer, byeenkomste gehou en selfs lojale intekenaars tuis besoek. Die manier hoe die plan uitgevoer is, is nou 'n voorbeeld vir die bestuur van toekomstige planne van dieselfde aard. Die kern van so 'n verandering is detail en sorg. Tydens die inwerkingstelling hiervan het een mens al die Media24 waardes uitgeleef: van aanspreeklikheid vir die span tot respek vir die mark.

Tasmia se positiewe, probleemoplossende houding was ‘n groot dryfkrag vir die sukses van die verandering. Dit verg moed om moeilike besluite te neem. Tasmia het haar vakansie in die VSA kortgeknip om betyds terug te wees in SA vir die verandering. Sy het aanpreeklikheid geneem vir haar mense, produk, gehoor en besigheid.

Tydens besoeke aan die gemeenskap is dit ook gedemonstreer in haar direkte interaksie met lesers en adverteerders. Haar respek vir die mark was sigbaar vir almal en het uitgespeel in verbintenis tot die verandering en deursettingsvermoë. Sy het ook gesorg vir ‘n goeie dosis pret, veral op ‘n tyd toe die verandering aanvanklik negatiewe reaksie by lesers en adverteerders ontlok het.

Tasmia het al die Media24 waardes uitgeleef in een van die mees beduidendste veranderings in ons geskiedenis van uitgewerswese.

Sy leef die Media24-waardes in alles wat sy doen, van die bestuur en lei van haar mense, tot haar werk met verskaffers, rolspelers en kliënte. En sy raak mense elke dag deur die goeie dade of korporatiewe maatskaplike inisiatiewe in haar streek.

All TIME LEGEND AWARD: LEN KALANE

Die boek, The Chapter We Wrote, The City Press Story, is Len Kalane se herinnerings aan die tye wat hy beleef het en die geskiedenis wat gemaak is. Len, soos almal hom noem ondanks sy grys hare, het in joernalistiek begin op die laagste sport van die leer, as ‘n verslaggewer vir The World voor dit in 1977 deur die apartheisregering verban is.

Die destydse regime se optrede op 19 Oktober, wat nou as Swart Woensdag herdenk word, was bedoel om weerstand af te breek. Drie publikasies en 18 organisasies, hoofsaaklik swart bewussynsgroepe, is verban. Honderde mense, insluitend redakteurs, joernaliste, politieke leiers en aktiviste is vir meer as ‘n jaar aangehou.

Na die verbanning van The World het die Argus-maatskappy Post Transvaal begin. Len en ander personeel wat nie in aanhouding was nie, het die koerant van dieselfde perseel uitgegee en dieselfde soort berigte geskryf as waarvoor The World in die eerste plek verban is.

Dit was ook nie lank nie, of Len en ander swart joernaliste het ‘n belangrike staking begin om erkenning te kry vir hul unie, die Writers Association of South Africa (WASA), wat die voorlooper was van die Media Workers Association of SA (Mwasa). Die joernaliste wou ook hê die wit liberale maatskappye wat hulle in diens geneem het en

voorstaanders was van die anti-apartheidbeweging, moet gelyke salarisse vir gelyke werk betaal.

Dit was asof alles waaraan Len geraak het verban is. In Januarie 1981, na ‘n marathon-staking van drie maande waartydens Post Transvaal nie uitgegee is nie, is die koerant ook verban. Die koerant is deur Sowetan vervang, ‘n verkoopte koerant pleks van ‘n gratis een, gemaak deur dieselfde span, van dieselfde perseel en met dieselfde soort nuus wat swart mense en hul stryd geraak het.

Len is uiteindelik weg by Sowetan en het in 1982 by City Press aangesluit. Hier het hy van senior verslaggewer, adjunk nuusredakteur tot nuusredakteur gevorder. Hy was uiteindelik sewe jaar lank nuusredakteur. Hy het in 1979 opleiding van die Thompson-stigting gekry, in 1991 tyd in die VSA deurgebring op ‘n studietoer wat hom blootgestel het aan Amerikaanse koerantmodelle – sakebestuur, redaksioneel, advertensies, sirkulasie en verspreiding.

In 1996 is Len as City Press se redakteur aangewys, waarna hy na die besigheidskant is waar hy adjunkbestuurder van City Press geword het. Later het hy uitvoerende direkteur van RCP Media geword, een van Naspers (nou Media24) se koerantafdelings waarin Rapport en City Press geïnkorporeer is. In die RCP-stal het Len beheer geneem van strategiese beplanning en projekte. Hy het ook op die RCP Media-raad gedien en tot 2001 op die direksie van M-Net.

Hy was ook ’n stigterslid van Kaya FM, een van die eerste radiostasies in die land in private besit post-1994, het op Telkom se bestuur gedien en verskeie mediamaatskappy help stig. Len is tans ’n konsultant wat opleiding vir senior bestuurders van vooraanstaande Suid-Afrikaanse mediahuise en titels in redaksionele en bestuursomgewings gee.

Hy het ook gehelp met die herposisionering van sekere titels en dien tans op die raad van Botswana se YMH Publishing, waarvan hy voorheen besturende direkteur was. Hy het in 2016 tyd afgeneem om sy boek te skryf wat sy tyd by City Press toelig. Die koerant het begin met ’n sirkulasie van net 4 000 en oor die jare ’n topsirkulasie van 350 000 bereik.

----- end -----